

19 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 44 en 48 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 48:20

Die val van Babel

Hier het ons 'n wonderlike kontras tussen Sion (Jerusalem) en Babilon. "Kom af en sit in die stof, jonkvrou, dogter van Babel! Sit op die grond sonder troon, dogter van die Chaldeërs! Want jy sal nie langer genoem word die vertroetelde en verwénde nie". Deur die verowering van koning Kores moet sy doodstil in die duisternis sit, want sy sal nie langer gebiedster van die koninkryke genoem word nie. Hierteenoor: "o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!" (Jes 40:9) Sion se "egskeiding" word nietig verklaar. So sê die Here: "Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het?" (Jes 50) Haar kinders keer na haar terug (Jes 49). Sy staan op uit die stof om weer op die troon te sit: "...beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad! Skud jou los uit die stof, staan op, sit neer (op die troon), o Jerusalem!" (Jes 52).

God het alle gelowiges se lot deur Jesus verander. Nou is ons nie meer gevalle sondaars wat bestem is vir die hel nie. Nee, uit genade is ons gered! Ons is God se geheiligde kinders – kinders van die Koning van alle konings, prinse en prinsesse! Ons is op pad om die heerlike erfnis wat Christus verdien het in besit te neem: Saam met Hom sal ons op die troon sit en regeer! (Op 3:21)

Sing: Psalm 137:1,8,9

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)